



KAPTEIN VERDWYN

Onderwysersgids

Nota: Hierdie gratis gids mag na goedduke gekopieer en gebruik word.

Inhoud

Inleiding.....	3
Samestelling van 'n boek	4
Die voorblad.....	4
Die titel.....	5
Die skrywer	6
Tekskenmerke.....	7
Opsomming.....	8
Uitleg.....	9
Inhoudelike vrae en lees oefeninge.....	10
Karakters	27
Konflik	28
Spanning en die storielyn.....	29
Die verteller.....	30
Boodskappe.....	30
Omgewing	31
Praat.....	31
Lees	32
Prettige idees vir <i>Kaptein Verdwyn</i>	33
Antwoorde	34
Bronne.....	41

Inleiding

Hierdie Onderwysersgids is volgens die finale konsepdokument van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringbeleidverklaring (CAPS) geskryf.

Ek wil graag Suid-Afrika se kinders aan die lees kry. Dit is my droom en my passie – ook vir jou leerders. *Kaptein Verdwyn* sal dit beslis kan regkry, self met sukkelende lesers. Die hoofstukke en sinne is kort en lees maklik, maar bowenal het die boek ’n lekker storie. Ek glo boeke moet lesers se verbeelding aangryp en hulle vasgenael hou. Hiervoor sal die humor, aksie, avontuur en spanning in *Kaptein Verdwyn* sorg.

Die anderkant van die munt is dat lesers ook iets moet leer. Dit moet egter nie ’n nare ervaring wees nie. Hierdie onderwysersgids gaan jou help om lees en leer pret te maak. Al die werk is klaar vir jou gedoen, jy moet net die gids volg en die wonderwêreld van woorde sal vir die res sorg.

Die hooftaalvaardighede waarvoor die intermediêre fase se kurrikulum vra is:

- Luister en praat
- Lees en kyk
- Skryf en aanbied
- Taalstrukture en -konvensies.

Dit is presies wat jy in hierdie gids sal kry.

Leesaktiwiteite word verdeel in pre-lees, lees en post-lees. Daar is ook lees- en skryfwenke, en oefeninge met verskillende tipes lees soos vlug- en soeklees.

Die vrae is opgestel volgens Barret se taksonomie en wissel van direkte of herroepvrae na afleidings en uiteindelik evaluering en waardering. Alle antwoorde verskyn agterin die gids.

Laastens sal prettige aktiwiteite leerders help om die boek ook op ander vlakke te beleef. Uiteindelik sal beide huistaal en eerste addisionele taalsprekers baat kan vind by hierdie kinderboek en onderwysersgids.

Mag hierdie boek vanjaar jou leerders ywerige LESERS maak!

Fanie Viljoen

Samestelling van 'n boek

Soek die volgende voor en agterop *Kaptein Verdwyn*:

- Boek se titel
- Skrywer se naam
- Die uitgewer se naam
- Waar is die voorblad?
- Waar is die agterblad?
- Waar is die boek se rug?
- Waar is die agterblad se teks?
- Waar is die stafiekode (ISBN-nommer)?

Die voorblad

Bespreking van die voorblad

'n Boek se voorblad moet die volgende doen:

- Dit moet jou nuuskierig maak – as jy dit sien, moet jy lus wees om die boek te lees.
- Dit moet jou lus maak om die boek te koop.
- Dit moet die boek se titel (boek se naam) gee.
- Dit moet die skrywer se naam gee.
- Soms wys 'n voorblad ook of die boek enige pryse gewen het.

Kaptein Verdwyn se voorblad het 'n blou agtergrond. Die leser se aandag word onmiddellik getrek deur die halflyf geraamte se illustrasie. Dit lyk of een van die kinders 'n ander kind met die geraamte bangmaak. Die een seun se gesig en lyf is ook blouër. Dit laat 'n mense wonder hoekom dit so is ...

Emosies is belangrik op 'n voorblad. Die een seun lyk gelukkig en die ander een lyk bang.

Die boek se titel verskyn bo die illustrasie. Dit lyk of die tweede woord “Verdwyn” deursigtig is. Dis asof die woord self verdwyn.

Die skrywer se naam verskyn onderaan die voorblad

Vrae

1. Beskryf *Kaptein Verdwyn* se voorblad.
2. Sou jy die geraamte eerder van die voorblad wou afhaal? Motiveer jou antwoord.
3. Hou jy van *Kaptein Verdwyn* se voorblad? Hoekom sê jy so?
4. Hoe laat die omslag jou voel?
5. Wat sou jy anders op die voorblad doen?

Aktiwiteit

Teken jou eie voorblad vir *Kaptein Verdwyn*.

Die titel

Alle mense het mos name – boeke het ook. Ons noem 'n boek se naam die "titel". Die titel *Kaptein Verdwyn* klink nogal interessant. Dit prikkel jou verbeelding, want dit klink soos 'n superheld se naam.

Vrae

1. Dink jy die skrywer het die regte naam vir die boek gekies? Hoekom sê jy so?
2. Gee vir die boek 'n nuwe titel.
3. Sal jy die boek wil lees as 'n vriend dit vir jou gee en jy lees net die titel? Hoekom sê jy so?
4. Dink jou eie naam vir 'n superheld of superskurk uit.

Die skrywer



Fanie Viljoen is die skrywer van 'n hele stapel kinder- en jeugverhale. Sy eerste boek, *Slym*, is in 2004 gepubliseer. Daarna het ander kinderboeke soos *Plons*, die *Lulu*-reeks, die *Aksieheld Austin*-reeks en baie meer gevolg.

Fanie skryf al van sy skooldae af. Hy het 'n aanmoedigingsprys gewen in een van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging se jaarlikse skryfkompetisies (1987). Sy eerste kortverhaal is in 1999 in *Sarie* gepubliseer. Sy boeke het al talle pryse verower soos die M.E.R.-prys vir jeuglektuur, M.E.R.-prys vir geïllustreerde kinderboeke, Sanlam-prys vir jeuglektuur en ATKV-kinderboektoekennings.

Fanie skryf graag vir kinders omdat hulle 'n groot verbeelding het.

Wat is ook nou lekkerder as om elke dag teen monsters te baklei, onsigbaar te word, of spoke te jag? Oukei, dalk sal 'n mens dit nie regtig wil doen nie. Maar om daarvoor te skryf is vir Fanie groot pret!

Dit is wat hy vandag voltyds doen. Hy skilder en illustreer ook boeke.

Gaan kuier gerus op die Internet by sy wonderlike wêreld: www.fanieviljoen.co.za

Vrae

1. Wanneer is Fanie se eerste boek gepubliseer?
2. Wie het vir Fanie 'n aanmoedigingsprys gegee?
3. Waar is die skrywer se webblad?

Het jy geweet?

Fanie het as kind stories geskryf vir 'n poppekas. Later was hy ook deel van sy skool se koerantredaksie. Hierdie koerant, *Die Goutie*, het destyds verskeie pryse gewen. Dalk het jy ook lus om iets vir die skoolkoerant te skryf.

Tekskenmerke

Voorin die boek kan ons sien die uitgewer het die Akzidenz Grotesk-lettertipe (font) gebruik om die boek uit te lê. Maar daar is ook 'n paar ander tekskenmerke in die boek:

- Die boek se titel is in kleur op die voorblad gedruk. Die tweede woord lyk of dit verdwyn.
- Van die illustrasies het ook teks, byvoorbeeld "Pantoffel" op bladsy 21.
- Op bladsy 29 het die illustrasie dialoog. Kyle se suster vra: "Waar is ek?"
- Op bladsy 17 word die teks van die Skoert-app gegee. Dit nooi jou uit om die app af te laai.
- Die hoofstukke het name en nommers. Die font lyk soos iemand se handskrif.
- Sommige woorde is in hoofletters gedruk, byvoorbeeld "MOET" en "LAAI AF" op bladsy 17.
- Op bladsy 40 word die woord "BOE" in vet letters gedruk.
- Die meeste bladsye is genommer. Waar daar 'n illustrasie onderaan die bladsy is, is die bladsy nie genommer nie.

Vrae

1. Waar in *Kaptein Verdwyn* word nog woorde in hoofletters gedruk (behalwe bladsy 17)?
2. Waar in *Kaptein Verdwyn* word nog woorde in die illustrasie gebruik (behalwe bladsy 21 en 29)?
3. Hoekom is die teks op bladsy 17 soos 'n regte app s'n?
4. Waar in die boek is daar nog vetgedrukte letters (behalwe bladsy 40)?

Opsomming

Kaptein Verdwyn is 'n verhaal vol avontuur en humor.

Die skoolboelie, Denzel die Draak, maak Kyle se lewe baie moeilik. Maar dan kry Kyle 'n nuwe selfoon. Op die selfoon is die Skoert-app. Dit kan jou glo onsigbaar maak. Jy moet net 'n foto van iets of iemand neem. As jy die foto uitvee, word hulle weer sigbaar.

Kyle weet nie of mense regtig onsigbaar kan word nie. Hy toets daarom die app op sy hond, Pantoffel, en later op sy sussie, Julia. En dit werk! Hulle word albei onsigbaar.

Uiteindelik toets Kyle die app op homself. Hy word onsigbaar. Hy verander in Kaptein Verdwyn. Dis dan wanneer hy besluit om terug skool toe te gaan en wraak te neem op Denzel die Draak.

Dit lyk of Kyle se planne goed uitwerk. Denzel skrik behoorlik. Maar gou duik daar 'n probleem op. Iemand vat Kyle se selfoon. Hy kan nou nie die foto uitvee en weer sigbaar word nie.

Die einde is verrassend wanneer Kyle en die skoolboelie teen mekaar te staan kom – hulle is nou albei onsigbaar!

Uitleg

Kaptein Verdwyn kan soos volg opgedeel word:



Nota:

Doen elke week een van die sirkels se hoofstukke.

Inhoudelike vrae en lees oefeninge

Hoofstuk 1 en 2

Pre-lees

1. Wie het *Kaptein Verdwyn* geskryf?
2. Wie het *Kaptein Verdwyn* se illustrasies gemaak?
3. Wanneer het die boek die eerste keer verskyn?
4. In hierdie gedeelte gaan jy lees van die “poetsbakker”. Wat dink jy kan dit beteken?
5. Wat dink jy is die “beste geskenk” in hoofstuk 2?

Tydens lees

Lees is ’n avontuur!

Probeer hierdie doen terwyl jy lees:

- Rus kort-kort vir ’n klein rukkie. Probeer dan om die idees by jou te laat insink.
- As daar is woord is wat jy nie verstaan nie, soek dit op in ’n woordeboek. Of probeer aflei wat die woord beteken. Ander woorde, sinne en illustrasies sal jou help.
- Probeer ’n prentjie van die gebeure in jou kop maak. Ons sê jy visualiseer die storie. (Visie beteken mos “om te sien”.)
- Moet nie moed verloor as jy seker dele nie verstaan nie. Hou aan lees.
- As jy glad nie verstaan nie, lees die stukkie weer. Doen dit net ’n bietjie stadiger.
- Maak merkies met potlood in die boek as dit jou sal help.
- Maak notas.

Wenk:

As jy ’n bietjie sukkel om te lees, lees by die huis vir jou hond of kat uit die boek voor. Hulle gaan glad nie omgee as jy ’n bietjie vashaak of stadig lees nie. Dit sal lekker oefening vir jou wees. Hulle gaan dit ook geniet om saam met jou iets te doen. Later gaan jy soos ’n superheld lees!

- Lees nou hoofstuk 1 en 2 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 1 hardop.
- Lees die eerste deel van hoofstuk 2 in pare.
- Lees die tweede deel van hoofstuk 2 saam as ’n groot groep.

Post-lees

- Maak 'n kopkaart van hoofstuk 1 en 2 van *Kaptein Verdwyn*.
 - Gebruik woorde en prente.
 - Wys net die hoofgedagtes.
 - Die kaart moet die vrae: Wie, wat, waar, hoe en hoekom beantwoord.
- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 1 en 2 van *Kaptein Verdwyn*. Hou dan 'n vasvra in die klas.
- Gebruik iets wat in hoofstuk 1 en 2 van *Kaptein Verdwyn* gebeur het en maak dan jou eie storie daarvan.

Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 1 lees. Beantwoord dan haar vrae.

Praat

- Vertel wat die “poetsbakker” gedoen het
- Vertel van die keer toe jy iemand 'n poets gebak het.

Vir pret

- Teken vir Denzel die Draak, of enige ander skoolboelie.

Skryf

In die volgende afdeling gaan jy 'n paar vrae oor hoofstuk 1 en 2 van *Kaptein Verdwyn* beantwoord.

Die skryfproses bestaan uit die volgende dele:

- Pre-skryf / beplanning
- Skryf 'n konsep
- Hersiening
- Proeflees / redigering
- Aanbieding

Oefen jou skryfvaardighede soos volg:

- Vra jouself af:
 - Wat is die doel van my skryfwerk?
 - Wie gaan dit lees?
- Hou 'n dinkskrum met jou vriende. Julle kan idees wissel, of selfs geheuekaarte en vloediagramme maak.
- Gebruik bronne om jou te help – die *Kaptein Verdwyn*-boek sal jou hoofbron wees. Die Internet het moontlik hulp. Jy kan selfs die skrywer se webblad besoek – www.fanieviljoen.co.za
- Kies net die inligting wat belangrik is.
- Organiseer al jou inligting.
- Skryf jou eerste konsep of weergawe.

Belangrik: Onthou vir wie jy dit skryf en hoekom.

- Lees jou eerste skryfpoging goed deur. Word jou eie kritikus – soek vir foute wat jy dalk gemaak het.
- Vra jou klasmaats of onderwyser vir terugvoering.
- Maak jou foute reg. Ons noem dit “redigering”.
- Lees alles wat jy geskryf het weer deeglik deur en soek weer vir foute. Ons noem dit “proeflees”.
- En dan – ta-daa! – handig die netjiese, finale weergawe van jou skryfwerk in by die onderwyser.

Vrae

1. Wie is die boek se hoofkarakter?
2. Hoekom wil Kyle so vinnig by die skool kom?
3. Hoekom kan Adam nie dadelik na Kyle toe kom nie?
4. By watter skool speel die verhaal af?
5. Wie is Denzel die Draak?
6. Watter soort selfoon het Kyle gekry?
7. Hoe sal jy voel as iemand jou 'n poets bak?
8. Beskryf vir Denzel die Draak.
9. Gee 'n ander woord vir "toebies" wat op bladsy 12 gebruik word.
10. Wat beteken dit as daar net 'n spoegkolletjie van jou oorbly? (bladsy 10)
11. Hoe kry Adam dit reg om die selfoon so vinnig te vang?
12. Kyle kan niks aan Denzel doen nie. Haal 'n sin op bladsy 13 aan om dit te bewys.
13. Skryf die volgende gebeure in die regte volgorde:
 - a. Denzel peuter met Kyle se selfoon.
 - b. Kyle is haastig om by die skool te kom.
 - c. Denzel laat val die selfoon.
 - d. Kyle wys vir Adam sy nuwe selfoon.
14. Aan wie se kant is jy? Kyle en Adam, of Denzel die Draak.
15. Som Kyle se karakter kortliks op.
16. Wat dink jy gaan in hoofstuk 3 gebeur? Moenie loer nie!

Vreemde woorde

Baasspelerig – Jy wil iemand oorheers. Jy wil iemand se baas wees. (dominate)

Blitsig – Vinnig (quick)

Foeter – Slaan (hit)

Kleuterskool – 'n Skool vir baie klein kinders. (preprimary school)

Magteloos – Wanneer jy niks kan doen nie. (powerless)

Mangels – 'n Klier in jou keel. (tonsils)

Natspuit – Natmaak met 'n straal water. (spray)

Omgekrap – Ongelukkig; nie tevrede nie (upset)

Poets – 'n Grap maak. (prank)

Sokkerspeler – Iemand wat sokker speel. (soccer player)

Spoegkolletjie – 'n Nat druppel spoeg. In die boek is dit figuurlik gebruik. Dit beteken niks sal van jou oorbly nie. (Something insignificant – used figuratively)

Spotlag – Lelik vir iemand lag. (mocking laugh)

Verrassing – iets lekkers wat gebeur sonder dat jy dit verwag. Pasop – dit beteken nie dieselfde as verrassing nie! (Surprise)

Weergalm – Eggo of weerklank (echo)

Beeldspraak

Vaal van die honger – Baie honger wees.

Daar bly net 'n spoegkolletjie van jou oor – Daar sal niks van jou oorbly nie/ iets slegs sal met jou gebeur.

Sy binnekant bewe – Hy is bang.

Hoofstuk 3-6

Pre-lees

1. In hierdie hoofstukke toets Kyle sy nuwe selfoon op sy hond Pantoffel, en op sy sussie, Julia. Wat dink jy gaan gebeur?
2. Kyk na die illustrasie op bladsy 29. Dink jou eie storie uit vir die toneel.

Tydens lees

Onthou jy nog die leeswenke in die vorige afdeling? Pas hulle weer toe met die volgende leesoefeninge:

- Lees nou hoofstuk 3 en 4 vir jouself.
- Lees hoofstuk 5 hardop.
- Lees hoofstuk 6 hardop in pare.

Post-lees

- Maak 'n vloeiagram wat die hoofgebeure in hoofstuk 3-6 uiteensit.

Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 6 lees. Beantwoord dan haar vrae.

Praat

- Sal jy wil hê jou boetie of sussie moet verdwyn? Vertel hoekom of hoekom nie.

Vir pret

- Hou 'n konsert in die klas en speel die toneel waar Julia verdwyn. Kyle kry haar in die badkamer voor die spieël. Wat sê hulle vir mekaar?

Vrae

1. Wat is die naam van die app wat jou kan laat verdwyn?
2. Hoe kan jy met die app verdwyn?
3. Hoe kan jy weer verskyn?
4. Wie verdwyn eerste?
5. Kyle is bekommerd dat die app nie sal werk nie. Wat kan dalk met jou gebeur as iets skeefloop?
6. Hoe voel Kyle oor sy suster Julia? (hoofstuk 3)
7. Haal 'n sin aan wat wys dat Kyle sy suster skelm bekrui. (hoofstuk 6)
8. Hoekom neem Kyle vir Pantoffel en Julia af?
9. Julia is bly sy is onsigbaar. Is dit reg of verkeerd? Hoekom sê jy so?
10. Hoekom jok Kyle vir Julia toe sy onsigbaar word?
11. Watter deel van hoofstuk 3-6 was vir jou spannend?
12. Watter deel van die hoofstuk 3-6 was vir jou snaaks? Hoekom sê jy so?
13. Maak 'n vloiediagram wat die volgende gebeure in die regte volgorde plaas:
 - a. Julia word onsigbaar.
 - b. Kyle maak of hy slaap.
 - c. Kyle neem vir Pantoffel af.
 - d. Kyle laai die app af.
14. Wat dink jy van Kyle se optrede met die selfoon?
15. Kry jy vir Julia jammer? Hoekom sê jy so?
16. "Boeties is beter as sussies" staan op bladsy 27. Stem jy saam? Hoekom sê jy so?

Vreemde woorde

Blinkertjies – iets kleins wat blink. (glitter)

Ingenome – Tevrede met jouself. (pleased)

Japon – Nagklere (night gown)

Luitoon – Die geluid wanneer jou selfoon lui. (ringtone)

Onsigbaar – Niemand kan jou sien nie. (invisible)

Spook – Iemand wat dood is se gees. (ghost)

Beeldspraak

Met ingehoue asem – Jy hou jou asem in omdat jy gespanne of bang is.

Soos 'n kat wat probeer viool speel – iets wat onaardig of vreeslik klink.

My sussie is so 'n kramp in die keelgat – My sussie is 'n pyn. Sy pla my.

Moenie dat sy op jou battery piepie nie – Moenie dat sy jou omkrap of pla nie.

Jy voel ingenome – Jy is tevrede met jouself.

O vet! – O aarde! O genade!

Jou brein is geskommel – Jy is mal. Jy is deurmekaar.

Hoofstuk 7-8

Pre-lees

1. Vluglees hoofstuk 7. Wat dink jy beplan Kyle aan die einde van die hoofstuk?
2. Hoe sal jy Denzel se gesigsuitdrukking op bladsy 34 beskryf?
3. Kyk na die illustrasie op bladsy 37. Wat dink jy gebeur?

Tydens lees

Onthou jy nog die leeswenke in die vorige afdeling? Pas hulle weer toe met die volgende leesoefeninge:

- Lees nou hoofstuk 7 en 8 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 7 hardop.
- Lees hoofstuk 8 in pare.
- Lees hoofstuk 8 saam as 'n groot groep.

Post-lees

- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 7-8 van *Kaptein Verdwyn*. Hou dan 'n vasvra in die klas.
- Gebruik iets wat in hoofstuk 7-8 van *Kaptein Verdwyn* gebeur het en skryf 'n gedig of vers daaroor.

Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 8 lees. Beantwoord dan haar vrae.

Praat

- Vertel uit Kyle se perspektief hoe hy onsigbaar geword het.
- Maak asof jy Kyle se pa of ma is. Vertel hom hoekom hy nie gevaarlike goed met sy selfoon moet aanvang nie.

Vir pret

- Trek soos 'n superheld aan. Wat is jou superheld se naam?

Vrae

1. Julia het sleg geslaap. Wat het sy gedroom?
2. Wie keer vir Kyle by die skool voor?
3. Wat doen die skoolboelie aan Kyle?

4. Dink jy 'n toebroodjie met kaas en polonie is lekker? Hoekom sê jy so?
5. Hoe voel Kyle toe die boelie met hom klaar is?
6. Waar sit Kyle sy tas neer?
7. Hoekom skrik Kyle toe hy 'n skaduwee sien?
8. Beskryf hoe Kyle verdwyn.
9. Hoe dink jy voel dit om onsigbaar te wees?
10. Waarmee vergelyk Kyle die gevoel om onsigbaar te wees?
11. Wat dink jy beplan Kyle vir Denzel?
12. Watter een van die volgende gebeure verhoog die spanning die meeste in die verhaal?
 - a. Kyle hardloop skool toe.
 - b. Kyle praat met Julia.
 - c. Kyle word onsigbaar.
13. Wat is die doel van die ellips (. . .) op bladsy 38?
14. Kyle bêre sy selfoon aan die einde van hoofstuk 8. Dink jy sy selfoon is veilig? Motiveer jou antwoord.

Vreemde woorde

Bons – Klop (beat)

Foutjie – iets wat jy nie moes doen nie; 'n klein fout. (mistake)

Glibberig – Glad; glyerig (slippery)

Kerm – Kla (complain)

Nagmerrie – Nare droom (nightmare)

Partykeer – Af en toe; soms (sometimes)

Siestog – Jammer voel. (I feel sorry for you.)

Stoorkamer – Plek waar jy iets bêre. (store room)

Beeldspraak

Sy bloed vries in sy are – Hy skrik.

Vandag gaan jy betaal – Vandag gaan ek jou terugkry. Vandag gaan iets sleg met jou gebeur.

Hoofstuk 9 - 11

Pre-lees

1. Lees die drie hoofstukke se opskrifte. Waar gaan twee van die hoofstukke afspeel?
2. Kyk na Denzel se gesigsuitdrukkings op bladsy 42. Hoe dink jy voel hy?
3. Hoofstuk 10 se opskrif het 'n vreemde woord. Is daar so 'n woord? Wat dink jy beteken dit?

Tydens lees

- Lees nou hoofstuk 9 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 10 hardop.
- Lees hoofstuk 11 hardop saam met 'n klasmaat.

Post-lees

- Stel jou eie vrae op oor hoofstukke 9 - 11 van *Kaptein Verdwyn*. Hou dan 'n vasvra in die klas.
- Gebruik iets wat in hoofstuk 9 - 11 van *Kaptein Verdwyn* gebeur het en skryf 'n tongknoper daaroor.

Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 11 lees. Beantwoord dan haar vrae.

Praat

- Speel die rol van die meneer Sallie. Daar het iets vreemds in sy klas gebeur. Hy vertel dit later vir die skoolhoof. Wat sal hy sê?

Vir pret

- Deel in groepe en breinstorm hoe jy die skoolboelie sou terugkry as jy onsigbaar kon wees.

Vrae

1. Waar kry Kyle vir Denzel?
2. Hoe toets Kyle of Denzel hom kan sien?
3. Watter twee goed doen Kyle om vir Denzel te oortuig dat dit op die sokkerveld spook?
4. Watter klas gee meneer Sallie?
5. Hoe “spook” Kyle in meneer Sallie se klas?
6. Hoe “spook” Kyle in die Engels- en Afrikaansklas?
7. Wie dink die onderwysers is die skuldige persoon?
8. Wat is die geraamte se naam?
9. Watter “spokery” was vir jou die snaakste? Hoekom sê jy so?
10. Denzel kan nog op ’n manier uitvind dat Kyle by hom is. Haal ’n sin op bladsy 40 aan wat dit bewys.
11. Hoekom dink Kyle dat Denzel nog nie sy les geleer het nie? (bladsy 48)
12. Watter vergelyking op bladsy 52 wys dat Kyle vinnig hardloop?
13. Sal jy vriende met Kyle wil wees? Hoekom sê jy so?
14. Kyk na die illustrasie op bladsy 52. Watter emosie wys op Kyle se gesig?
15. Het jy simpatie met Denzel? Hoekom sê jy so?

Vreemde woorde

Bohaai – Geraas (noise)

Detensie – Straf (detention)

Haastig – Vinnig (quickly)

Konsentreer – Aandag gee (concentrate)

Pot – In hierdie geval beteken dit “skop”. ’n Pot kan egter ook iets wees waarin jy kosmaak. (kick)

Seerlyf – Met ’n lyf wat seergekry het. (a hurting body)

Stotter – Hakkal wanneer jy praat. (stutter)

Wiskundeklas – Die klas waar jy somme of wiskunde doen. (maths class)

Beeldspraak

Jou longe uitruk en in jou keelgat spoeg – ’n Snaakse manier van sê: Ek gaan iets vreeslik aan jou doen.

Snuf in die neus kry – iets vermoed; besef iets is verkeerd.

Klaskenades – Daar bestaan nie regtig so ’n woord nie. Dis ’n kreatiewe manier om te sê: “Kaskenades in die klas.” Kaskenades is pret, grappe of streke.

Jou kop raas – Jy is mal.

Doer agter – Heel agter .

Hoofstuk 12 en 13

Pre-lees

1. Hoofstuk 12 begin met ’n verwysing na ’n penarie. Wat dink jy gaan die probleem wees?
2. Kyk na bladsy 57. Waarna dink jy soek Kyle?
3. Kyk na die illustrasie op bladsy 59. Dink jy Kyle is steeds onsigbaar? Hoekom sê jy so?

Tydens lees

- Lees nou hoofstuk 12 en 13 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 12 hardop in pare.
- Lees hoofstuk 13 self hardop.

Post-lees

- Maak ’n geheuekaart van hoofstuk 12 en 13. Gebruik woorde en prente. Wys net die hoofgedagtes.
- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 12 en 13. Hou dan ’n vasvra in die klas.

Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 12 lees. Beantwoord dan haar vrae.

Praat

- Verbeel jou jy is die skool se sekretaresse. Vertel uit haar oogpunt hoe 'n vreemde ding by haar lessenaar gebeur het.
- Waar sou jy oral na Kyle se selfoon gesoek het?

Vir pret

- Daar is te veel verlore goed by die skool se sekretaresse. Die skool besluit om dit te verkoop. Maak 'n pamflet om die verkoping te adverteer.

Vrae

1. Wat is Kyle se groot penarie?
2. Haal 'n sin aan wat wys dat daar nare gevolge vir Kyle se penarie gaan wees. (bladsy 54)
3. Hoekom loop die skoolhoof en brom? (bladsy 56)
4. Hoekom skrik die sekretaresse?
5. Sou jy sê Kyle is 'n ou wat planne kan maak? Motiveer jou antwoord.
6. Kyle wil sy eie selfoon bel, dan kan hy mos sy foon so opspoor. Evalueer sy plan (dink jy dis 'n goeie plan?)
7. Wat belowe Kyle sy suster?
8. Watter luitoon het Kyle se selfoon?
9. Werk Kyle se plan om sy selfoon te bel? Motiveer jou antwoord.
10. As jy die skrywer was, sou jy dat Kyle dadelik sy selfoon opspoor? Hoekom sê jy so?
11. Dink Kyle steeds dis lekker om onsigbaar te wees? Motiveer jou antwoord.
12. Skryf die volgende gebeure in die regte volgorde:
 - a. Kyle leen sy suster se selfoon vir 'n rukkie.
 - b. Kyle soek na sy selfoon in die boks van verlore goedere.
 - c. Kyle soek na sy selfoon in sy tas.
 - d. Iemand bel na Julia se selfoon.
13. Wie is die verdagtes wat Kyle se selfoon dalk gevat het?
14. Wie dink jy is die dief?

Vreemde woorde

Aantekeninge – notas (notes)

Hengse – groot (big)

Opspoor – vind (find)

Penarie – probleem (problem)

Ramp – groot ongeluk (disaster)

Slobber – slurp (sip)

Smyt – gooi (throw)

Verpes – pla of terg (tease)

Beeldspraak

Spore maak – Wegkom, loop of hardloop.

Sy kop voel flou – Hy is moeg gedink.

Moed verloor - Opgee

Hoofstuk 14 en 15

Pre-lees

1. Lees die eerste paragraaf van hoofstuk 14 en voorspel wat nou gaan gebeur.
2. “Kopstamp” kan twee goed beteken. Wat dink jy kan dit beteken?

Tydens lees

Onthou jy nog die leeswenke? Pas hulle weer toe met die volgende lees oefeninge:

- Lees nou hoofstuk 14 en 15 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 14 hardop.
- Lees hoofstuk 15 in pare.

Post-lees

- Maak 'n geheuekaart van hoofstuk 14 en 15. Gebruik woorde en prente. Wys net die hoofgedagtes.
- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 14 en 15 van *Kaptein Verdwyn*. Hou dan 'n vasvra in die klas.
- Gebruik iets wat in hoofstuk 14 of 15 van *Kaptein Verdwyn* gebeur het en maak dan jou eie storie daarvan.

Luister

- Luister hoe jou juffrou Hoofstuk 15 lees. Beantwoord dan haar vrae.

Praat

- Vertel hoe Kyle sy selfoon terugkry.
- Sal jy die selfie saam met jou beste pel aan die einde van die verhaal neem? Vertel hoekom of hoekom nie.

Vir pret

- Hou 'n konsert in die klas en voer die hele boek op.
- Maak jou eie liedjie oor *Kaptein Verdwyn* se avonture.

Vrae

1. Wie bel vir Kyle?
2. Watter probleem het Denzel?
3. Verduidelik kortliks hoe Denzel se probleem opgeduik het.
4. Hoe sal jy Denzel se emosies tydens die telefoongesprek beskryf?
5. Hoekom stamp Kyle en Denzel kop?
6. Watter ander betekenis het dit om "kop te stamp"?
7. Watter twee goed moet Denzel belowe?
8. Het Denzel berou omdat hy Kyle sleg behandel het? Haal 'n sin aan om jou antwoord te bewys.
9. Sou jy Denzel weer sigbaar maak as jy Kyle was? Motiveer jou antwoord.
10. Tot watter gevolgtrekking kom Kyle oor Denzel? (einde van hoofstuk 14)

11. “ALMAL op aarde kan darem seker nie onsigbaar raak nie.” Dit is wat Kyle dink. Maar hoe dink jy sou dit wees as almal op aarde onsigbaar was?
12. Glo Adam dat Kyle onsigbaar was? Haal ’n sin aan om jou antwoord te staaf.
13. Dink jy die twee pelle sou ’n laaste selfie neem? Motiveer jou antwoord.
14. Sê nou maar jy was die skrywer – hoe sou die storie laat eindig het?

Vreemde woorde

Aangesweef – Kom in die lug nader gedryf (floats towards someone)

Asblikdeksel – Die deksel wat jy bo-op ’n asblik sit. In hierdie hoofstuk word dit as ’n uitroep van verbasing gebruik. (Rubbish bin lid)

Foeitog – Jy sê dit as jy iemand jammer kry. (You say it when you feel sorry for somebody.)

Kalmeer – Word rustig (calm down)

Keelgat – Slukderm (throat)

Vermom – verberg; iets probeer wegsteek (mask)

Beeldspraak

Twee keer dink – baie goed oor iets dink voordat jy dit doen.

Hy het ’n sagte binnekant – Hy is eintlik nie ’n slegte ou nie. Hy kan ook pyn voel.

Iemand se been trek – Met iemand gekskeer.

’n Geheim verklap – ’n Geheim vertel.

Addisionele inligting

Praat

Praat oor die volgende onderwerpe in die klas. Gebruik die inligting op bladsy 71 en 72.

- Hoe weet jy as iemand jou boelie?
- Hoekom boelie party kinders ander kinders?
- Wat kan jy doen as iemand jou boelie?

Vir pret

- Maak 'n plakkaat teen skoolboelies.

Vrae

1. Hoe weet jy as iemand jou boelie? (Skryf twee sinne.)
2. Hoekom boelie kinders ander kinders? (Skryf twee sinne.)
3. Wat kan jy doen as iemand jou boelie? (Skryf een sin.)
4. Is net seuns boelies? Motiveer jou antwoord.
5. Is dit jou skuld as jy geboelie word?
6. Verdien iemand dit as hulle geboelie word?

Karakters

- In boeke kry ons hoofkarakters en bykomende karakters
- Hoofkarakters speel die grootste rol in die storie; bykomende karakters se rol is soms belangrik of onbelangrik.
- Ons leer ken die hoofkarakters baie goed, maar van die bykomende karakters leer ons maar min.
- 'n Hoofkarakter verander gewoonlik in die boek. Hy of sy is dalk eers bang, maar later word hy heldhaftig.

Ons kan karakters verder ontleed en sê hierdie persoon is 'n . . .

- Protagonis, want hy/sy is die “goeie ou” of die held in die verhaal.
- Antagonis, want hy/sy is die “slegte ou” of die vyand in die verhaal.

Die antagonis maak altyd die protagonis se lewe moeilik.

Die antagonis is nie altyd 'n mens nie. Dit kan byvoorbeeld ook 'n dier of slegte weersomstandighede wees.

Vrae

1. Wie is *Kaptein Verdwyn* se hoofkarakter?
2. Wie protagoniste (goeie ou) en antagoniste (slegte ou) in *Kaptein Verdwyn*?

Karakter	Protagonis	Antagonis
Kyle		
Denzel		
Adam		

Konflik

Het jy al met 'n vriend baklei? Julle het dan seker nie oor iets saamgestem nie, of dalk op daardie oomblik nie baie van mekaar gehou nie. Ons noem dit konflik.

Konflik kom ook in boeke voor.

Wanneer karakters met vuiste of wapens veg, of as hulle met mekaar stry, noem ons dit eksterne konflik – “ekstern” beteken dit is buite hulle lywe.

Wanneer 'n karakter bekommerd is oor iets wat hy of sy gedoen het, of nie seker is wat hy of sy moet doen nie, noem ons dit interne konflik – “intern” beteken dit vind binne-in hulle koppe plaas. Ons sien dit gewoonlik as die skrywer sê die karakter dink oor iets.

Vrae

1. Is hierdie gedeeltes konflik?

Gebeurtenis	Konflik? Ja of Nee
Denzel vat Kyle se toebroodjies.	
Kyle en Julia baklei	
Kyle speel met sy hond, Pantoffel	

2. Is hierdie konflik intern of ekstern?

Gebeurtenis	Intern of ekstern
Kyle is bang vir die skoolboelie	
Denzel gooi Kyle se tas op die grond uit.	

Spanning en die storielyn

Dink 'n bietjie terug aan alles wat in die boek gebeur het. Die skrywer skryf hierdie gebeure in 'n sekere volgorde – ons noem dit die “storielyn”. Die storielyn help ons om die storie te verstaan en dit maak die boek spannend.

- Aan die begin van 'n boek is die spanning laag.
- Soos die storie vorder, word die spanning hoër en hoër en hoër.
- Amper teen die einde is die spanning op sy hoogste.
- Aan die einde verlaag die spanning weer.

Kom ons kyk hoe werk dit in *Kaptein Verdwyn*:

Gebeure	Spanning
Kyle wil vinnig by die skool kom om vir Adam sy nuwe selfoon te wys.	Laag
Denzel gooi Kyle se boeke op die grond uit.	Verhoog
Kyle maak sy hond en sy sussie onsigbaar.	Verhoog nog meer
Kyle word self onsigbaar. Hy neem wraak op die boelie.	Verhoog nóg meer
Kyle se selfoon raak weg. Hy kan nie weer sigbaar word nie.	Op sy hoogste
Kyle kry sy selfoon terug. Hy en Denzel maak vrede. Hulle word weer sigbaar.	Verlaag

Vraag

Rangskik die volgende gebeure in *Kaptein Verdwyn* van die laagste spanning tot die hoogste spanning:

- a) Kyle verdwyn.
- b) Julia verdwyn.
- c) Kyle se selfoon raak weg. Hy kan nou nie weer sigbaar word nie.

Die verteller

Het jy al opgelet dat boeke verskillende vertellers het?

- Een boek sal byvoorbeeld lees: “Ek pluk aan Kyle se hemp.”
- ’n Ander boek sal lees: “Denzel pluk aan Kyle se hemp.”

Die eerste voorbeeld noem ons ’n eerstepersoonsverteller, of ek-verteller. Die karakter vertel self vir ons wat hy sien, dink en voel.

Die tweede voorbeeld noem ons ’n derdepersoonsverteller. Iemand wat buite die storie staan, vertel vir ons wat gebeur en wat die karakters dink.

Kaptein Verdwyn het ’n derdepersoonsverteller.

Vrae

1. Haal ’n sin aan om te bewys dat *Kaptein Verdwyn* ’n derdepersoonsverteller het.
2. Skryf die volgende gedeelte oor as ’n eerstepersoonsverteller: “Kyle loer vinnig na sy selfoonskerm.”

Boodskappe

Om boeke met lewenslessies te lees is maar aaklig. Lesers is mos slim genoeg om self te besluit wat reg en verkeerd is.

Praat

Gesels in die klas oor die volgende gebeure en besluit of dit reg of verkeerd is:

- Mag jy iemand boelie?
- Is boelies altyd net nare kinders, of het hulle ook ’n sagte binnekant soos Denzel?
- “Leen” jy regtig iemand se selfoon as jy dit vat sonder dat hulle daarvan weet?
- Is vriendskap belangrik?

Omgewing

Alle stories moet iewers afspeel. Dink maar net aan flieks. Die karakters beweeg mos nie rond teen 'n swart skerm met niks om hulle nie. Daar is altyd geboue, huise, meubels, bome, water, of ander goed om hulle.

Die plek waar 'n storie afspeel, noem ons die omgewing.

Vrae

1. In watter omgewing speel *Kaptein Verdwyn* af?
2. Dink jy *Kaptein Verdwyn* moes eerder op 'n ander plek afgespeel het?

Praat

Is jy lus vir 'n bietjie gesels? Hier is 'n paar onderwerpe vir klasbespreking:

- Kyle en Adam is twee ware vriende. Dink jy ook so?
- Kyle het dalk net liefde nodig. Stem jy saam?
- Kinders moet nie selfone skool toe bring nie. Dink jy ook so?
- Wat moet met skoolboelies gebeur? Moet hulle gestraf word? Hoe?
- Selfone kan gevaarlik wees.
- Selfone is wonderlik, want . . .

Lees

Vluglees

Wanneer jy net vinnig wil weet waarom 'n geskrewe stuk gaan, vluglees jy dit. Jy kan dan sien of dit iets is waarin jy belangstel.

Vluglees-oefeninge

1. Vluglees hoofstuk 1.
 - Skryf 'n paar sinne neer wat jy kan onthou.
 - Kon jy sien wie die hoofkarakters is?
 - Kon jy sien of dit 'n spannende of humoristiese storie is?
2. Vluglees hoofstuk 8.
 - Skryf 'n paar idees of woorde neer wat jou oog gevang het.
 - Uit hoeveel bladsye bestaan die hoofstuk?
 - Hoeveel karakters is in die hoofstuk?
 - Is daar illustrasies in die hoofstuk?

Soeklees

Soeklees is soos 'n skattejag! Wanneer jy soeklees, soek jy na iets spesifieks. Dit kan 'n naam wees, of dalk 'n sleutelwoord. Dis nogal vreemd – jy sien elke woord op die bladsy, maar jy lees nie noodwendig die bladsy nie.

Soeklees-oefeninge

1. Soek na die woord “jok” op bl. 28.
2. Soek na die woord “seerlyf” op bl. 39.
3. Soek na 'n tipe plan op bl. 54.
4. Soek na 'n kleur op bl. 16.
5. Hoeveel keer word die woord “Pypies” gebruik op bl. 35?
6. Soek na 'n uitroep op bladsy 40.

Wenk

Gebruik 'n fluisterfoon wanneer jy selflees in die klas doen. (Google “fluisterfoon” om te sien hoe dit lyk.) Die foon sal jou help om jou lees te verbeter, want jy hoor beter wat jy lees.

Prettige idees vir *Kaptein Verdwyn*

Dit moet lekker wees om 'n boek te lees, maar nie almal hou daarvan nie. Hierdie aktiwiteite kan dalk jou verbeelding aangryp en jou met nuwe oë na boeke laat kyk.

- Jy ontmoet vir Kyle en Adam wanneer jy na hulle skool toe trek. Julle raak gou goeie pelle. Maar dan kry Kyle weer sy selfoon. Iemand word onsigbaar ... Daar is weer groot moeilikheid. Hy maak een van die onderwysers onsigbaar! Wat gebeur verder? Skryf 'n kort toneelstuk en voer dit in die klas op.
- Maak 'n lokprent vir *Kaptein Verdwyn*. Kyk gerus op YouTube na voorbeelde van soortgelyke lokprente vir boeke.
- Sê nou net daar is werklik 'n onsigbare kind in julle skool ... Skryf 'n koerantberig oor hom of haar. Waar is hy/sy laas gesien? Wat het gebeur? Wie het hom/haar laaste gesien? Wat het hy/sy gedoen? Hoe moet mense optree as hul pad met die onsigbare kind kruis?
- Jy besluit om boeke te verkoop by julle skool se entrepreneursdag. *Kaptein Verdwyn* moet jou topverkoper wees. Werk 'n kort bemerkingsplan vir die boek uit.
- Hoeveel van die kinders by jou skool dink mense kan onsigbaar raak? Doen navorsing en publiseer die resultate in die skoolkoerant.
- Teken 'n strokiesprent van *Kaptein Verdwyn*.
- Skryf 'n kort gedig of rympe oor 'n onsigbare superheld.
- As jy oulik is met die rekenaar, maak 'n rekenaarspeletjie vir *Kaptein Verdwyn*.
- Vind uit hoe 'n mens animasie doen. Die internet sal baie help. Maak 'n kort animasie van *Kaptein Verdwyn*.
 - Wenke vir animasie
 - Gebruik die Stop Motion Studio app: <https://www.cateater.com/>
 - Video oor die 12 beginsels van animasie: <https://bit.ly/2vhGgPX>
 - Gebruik VideoPad om jou video te redigeer of klank by te voeg: <https://www.nchsoftware.com/>
 - Besoek Triggerfish Academy (<https://academy.triggerfish.com/>) of Triggerfish Animation (<https://www.triggerfish.com/>) vir meer wenke:

Antwoorde

Die voorblad: Vrae

1. Gebruik die beskrywing in die bespreking as riglyn.
2. Leser se eie mening.
3. Leser se eie mening.
4. Leser se eie mening.
5. Leser se eie mening.

Die titel

6. Leser se eie mening.
7. Leser se eie mening.
8. Leser se eie mening.
9. Leser se eie mening.

Die skrywer

1. 2004
2. Die Bloemfonteinse Skrywersvereniging
3. Op die Internet by www.fanieviljoen.co.za

Tekskenmerke

1. LYK (bl. 32), NIKS (bl. 39), DIT SPOOK (bl. 42), en meer.
2. Kyle skryf op die swartbord op bl 46, en meer. (Daar is talle illustrasies met woorde.)
3. Dit maak die storie interessanter.
4. DIT SPOOK (bl. 42).

Hoofstuk 1 en 2

Pre-lees

1. Fanie Viljoen
2. Fanie Viljoen
3. 2016
4. Leser se eie mening. 'n Moontlik antwoord kan wees dat iemand vir iemand anders 'n streep gaan trek of 'n grap met hom gaan maak.
5. Leser se eie mening.

Vrae

1. Kyle
2. Hulle wil vir Adam sy nuwe selfoon wys.
3. Adam speel nog sokker.
4. Laerskool Vlake.
5. Denzel die Draak is die skool se boelie.
6. Tornado 100.
7. Leser se eie mening. Die leerder sal moontlik sê dat hy sal lag of kwaad wees.
8. Denzel is fris gebou. Dit lyk of hy nie 'n nek het nie. Sy neusgate is groot.
9. Toebroodjies
10. Daar gaan omtrent niks van jou oorbly nie. Jy gaan baie seerkry.
11. Adam is 'n sokkerspeler. Hy haal sy sokker-truiks uit en vang vinnig die selfoon asof hy 'n sokkerdoel keer.
12. "Kyle voel magteloos."
13. b; d; a; c
14. Leser se eie mening. Die leerder is egter hopelik aan Kyle en Adam se kant. Dit beteken hulle kies nie die boelie se kant nie.
15. Kyle is 'n gawe hou wat daarvan hou om poetse te bak. Hy hou van grappe, maar hy is bang vir die skoolboelie. Hy is geïnteresseerd in nuwe tegnologie, soos sy nuwe selfoon.
16. Leser se eie mening.

Hoofstuk 3-6

Pre-lees

1. Leser se eie mening. 'n Moontlike antwoord kan wees dat die chemikalieë gaan ontplof.
2. Leser se eie mening.

Vrae

1. Skoert
2. Jy moet 'n foto van iets of iemand met die app neem. Hulle sal dan verdwyn.
3. Jy moet die foto uitvee.
4. Pantoffel, Kyle se hond.
5. Jy kan dalk in 'n spook verander.
6. Kyle dink Julia weet niks nie. Hulle kom nie goed oor die weg nie. Sy neul gedurig.
7. "Soos 'n speurder op 'n geheime sending sluip hy die gang af."
8. Kyle wil eers die app toets.
9. Nee. Julia is ontsteld. Sy gil en ruk vir Kyle aan sy skouers.
10. Hy dink seker dit sal haar laat kalmeer.
11. Leser se eie mening.
12. Leser se eie mening.
13. d; c; a; b
14. Leser se eie mening.
15. Leser se eie mening.
16. Leser se eie mening.

Hoofstuk 7-8

Pre-lees

1. Leser se eie mening. 'n Moontlike antwoord is dat hy beplan om wraak te neem.
2. Denzel lyk gelukkig of selftevrede.
3. Leser se eie mening.

Vrae

1. Julia het gedroom sy verdwyn of raak onsigbaar.
2. Denzel
3. Hy eet Kyle se toebroodjies en gooi Kyle se boeke op die grond uit.
4. Leser se eie mening.
5. Kyle is ontsteld. Hy beplan om wraak te neem.
6. In 'n stil hoekie by die skool se stoorkamer.
7. Hy dink seker Denzel het weer teruggekom. Of dat iemand hom gaan uitvang as hy onsigbaar word.
8. Kyle neem 'n selfie. Dan verdwyn sy kop, sy arms, sy hande, sy bolyf, sy bene en laaste sy voete.

9. Leser se eie mening.
10. Dit voel soos 'n waterballon wat in 'n swembad vol jellie rondgly.
11. Leser se eie mening.
12. Kyle word onsigbaar.
13. Die ellips verswyg woorde en sit die leser aan die dink oor wat gebeur het. Dit help spanning skep.
14. Leser se eie mening.

Hoofstuk 9 - 11

Pre-lees

1. Sokkerveld en in 'n klaskamer.
2. Denzel lyk bang.
3. Daar is nie so 'n woord nie. Die naaste woord is "kaskenades". Dalk kan daar kaskenades (pret) in die klas wees, dus "klaskenades".

Vrae

1. Kyle kry vir Denzel op die sokkerveld.
2. Hy waai sy hand voor Denzel se gesig.
3. Hy skop die bal voor Denzel se voete weg. Hy praat in 'n spookstem met Denzel.
4. Meneer Sallie gee wiskunde.
5. Kyle skryf antwoorde op die bord, hy laat die klas deur die heelyd oopgaan, hy laat die bordkryt en toebroodjie deur die lug "vlieg".
6. Kyle stamp boeke in die Afrikaansklas om. In die Engelsklas klap hy die vensters naby Denzel hard toe.
7. Die onderwysers dink almal Denzel is die skuldige.
8. Meneer Bene.
9. Leser se eie mening.
10. "Hy moet onthou: Denzel sal hom nog kan voel, al sien hy hom nie."
11. Denzel slaan aan die kind agter hom in klas.
12. "Soos 'n witwarm weerligstraal."
13. Leser se eie mening.
14. Kyle lyk bekommerd.
15. Leser se eie mening.

Hoofstuk 12 en 13

Pre-lees

1. Leser se eie mening.
2. Hy soek na sy selfoon.
3. Ja. Die karakter se lyf skyn deur. Jy kan die strepe agter hom sien.

Vrae

1. Kyle is onsigbaar. Sy selfoon is weg, so hy kan nie die foto uitvee om weer sigbaar te word nie.
2. "Sy pa-hulle gaan hom 'n jaar lank hok."
3. Denzel het nog nie by die kantoor aangemeld nie. Die skoolhoof soek hom nou.
4. Iemand antwoord haar foon voordat sy dit kan doen. Daardie "iemand" is onsigbaar.
5. Ja. Kyle maak 'n plan om sy selfoon terug te kry. Hy soek oral daarvoor in die skool. Toe hy nie sy selfoon kry nie, besluit hy om sy suster s'n te leen.
6. Ja. Hy hoef dan net te luister waar die selfoon lui.
7. Kyle belowe hy sal nie weer sy suster so verpes nie.
8. 'n *Star Wars*-liedjie.
9. Nee, die selfoon lui nêrens in die skool nie.
10. Leser se eie mening. 'n Moontlike antwoord sou "nee" wees. As Kyle die selfoon te maklik kry, sou die storie nie so spannend wees nie. Dit sou die lekker uit die storie haal.
11. Nee. Op bladsy 54 dink Kyle dat dit net vir 'n rukkie lekker is om onsigbaar te wees. Maar nie vir altyd nie.
12. c; b; a; d
13. Adam en Naomi
14. Leser se eie mening.

Hoofstuk 14 en 15

Pre-lees

1. Leser se eie mening.
2. Jy kan regtig jou kop teen iemand anders s'n stamp (letterlik). Of wanneer mense kopstamp, dan baklei hulle (figuurlik).

Vrae

1. Denzel die Draak.
2. Denzel is ook nou onsigbaar.
3. Oom Pypies het die selfoon vir Denzel gegee om my die kantoor in te handig. Denzel het gesien daar is 'n app op die selfoon wat jou onsigbaar kan maak. Hy het homself toe afgeneem en verdwyn.
4. Denzel is baie ontsteld.
5. Hulle is albei onsigbaar en loop dan in mekaar vas.
6. Om te baklei.
7. Denzel belowe om die selfoon terug te gee. Hy belowe ook dat hy nie weer so naartoe met Kyle sal wees nie.
8. Ja. "Dit klink of Denzel in trane wil uitbars."
9. Leser se eie mening.
10. Kyle kom agter Denzel het 'n sagte hart.
11. Leser se eie mening.
12. Nee, glad nie. "'Ag, bollie,' sê Adam. 'Waar was jy regtig?'"
13. Leser se eie mening.
14. Leser se eie mening.

Addisionele inligting

Vrae

1. Sien die addisionele inligting in die boek.
2. Sien die addisionele inligting in die boek.
3. Sien die addisionele inligting in die boek.
4. Nee, seuns en meisies kan boelies wees.
5. Nee.
6. Nee.

Karakters

1. Kyle Prins
- 2.

Karakter	Protagonis	Antagonis
Kyle	X	
Denzel		X
Adam	X	

Konflik

Gebeurtenis	Konflik? Ja of Nee
Denzel vat Kyle se toebroodjies.	Ja
Kyle en Julia baklei	Ja
Kyle speel met sy hond, Pantoffel	Nee

Gebeurtenis	Intern of ekstern
Kyle is bang vir die skoolboelie	Intern
Denzel gooi Kyle se tas op die grond uit.	Ekstern

Spanning en die storielyn

b; a; c

Die verteller

1. Enige sin behoort te wys dis 'n derdepersoonsverteller, veral een waar die karakter se naam genoem word. Voorbeeld: Kyle Prins se stem weergalm in die straat (bladsy 5).
2. Ek loer vinnig na my selfoonskerm.

Omgewing

1. *Kaptein Verdwyn* speel hoofsaaklik af by Laerskool Vlake en by Kyle se huis.
2. Leser se eie mening.

Bronne

Boeke

- Baignet, H. (1989) *Outlines, the secrets of studying English literature*. Cape Town. College Tutorial Press.
- Cloete, T.T. (1992) *Literêre Terme & Teorieë*. Pretoria. HAUM-Literer.
- Smuts, J.P. (1998) *Die roman, 'n inleidende studie*. Kaapstad. Human & Rosseau.

Webblaaie

- http://ababasoft.com/speedreading/five_types_of_reading.htm
- <http://www.storiewerf.co.za>
- <http://www.nb.co.za>